

**Skriflesing:** 2 Korinthiërs 2:12-17

Teks: **2 Korinthiërs 2:14-16**

**Sing- Ps.92:1,7; Ps.133:1,2; Ps.45:1,6,7**

Broeder en suster, dit is sekerlik 'n geldige vraag by hierdie nabetrugting of ons die geur van Christus verder en oral gaan versprei?! Dit wat in vers 15 staan, staan ook oor mense geskrywe wat Nagmaal kon vier- *Want ons is 'n aangename geur van Christus tot eer van God...* Daardie aangename geur van Christus moet langs jou hele lewenspad, langs elke lewensbaan kan opstyg, as aangename geur vir dié wat gered word, maar onder die wat verlore gaan, is dit 'n doods reuk. Hierdie lewenspad, hierdie lewensbane waarlangs God ons in sy triomftog plaas, bring ons by die volgende drie sake- Eerste die kruispad in hierdie triomftog. Tweedens die alleen pad op hierdie triomftog. Laastens die wenpad langs hierdie triomftog.

### **Die kruispad-**

'n Mens se lewe het baie kruispaaie! Wanneer ons dit sê dan besef ons hoe dikwels was Paulus op 'n kruispad. Die kruispad in 2 Korinthiërs 2 is waar Paulus baie slegte ervaringe in sy bediening opgedoen het. Duidelik kom ons agter hierdie moeilike gemeente, Korinthe, was tog vir Paulus 'n gemeente na aan sy hart. Hulle moeilikhede het hy hom sterk aangetrek. Dit wat Paulus in sy brief aan Korinthe geskryf het, het hom in werklikheid angstig gemaak, selfs bang, en onseker. Hy het deur die Korinthiërs soveel slegte ervaringe gehad, selfs beskuldig mense in Korinthe hom van wispelturigheid, en dat hy maar net die Woord verkondig om te wil geld maak, m.a.w. hy dryf handel met die Woord, hy is besig met selfverryking. Verskriklik die dinge wat van hom gesê is, en wat nie altyd maklik is om te hanteer en te weerlê nie. Sulke dinge bring 'n mens dikwels by 'n kruispad, maar die Here sal sorg dat die kruisings nog duideliker kom.

\*\*\*

Paulus is ook deur 'n ander gemeente, dié een in Efese sleg behandel, daar het die Demetrius-opstand plaasgevind en moet Paulus die stad ook onder 'n wolk verlaat. Waar hy letterlik vir sy lewe moet vlug, oral wil dit lyk jy is op 'n verloor pad, Paulus, só kom hy in Troas uit, en sy kruisings bring waarlik 'n nuwe kruispad in sy lewe. In Troas is daar 'n uitstekende ontvangs vir die evangelie. Hy stel dit baie positief dat hier het die Here vir my 'n deur wawyd oopgemaak. 'n Deur wat *in die Here* sy skarniere laat draai!

Watter pragtige beeld, wanneer God my deur se skarniere is. Dit dui op soveel positiewe dinge, mense se harte gaan oop, soos wat deure kan oopmaak. God maak sulke deure oop, soos wat dieselfde God weer ander kere deure kan toemaak. Die oopmaak en toemaak lê by God alleen, jy as mens kan maar net by nabaat bely, die deur waarvoor ek nou staan, het God hom vir my oopgemaak, of vir my toegemaak.

Weliswaar is die gedagte hieraan weer iets van 'n kruispad. Voor 'n toe deur is jou optrede tog anders as voor 'n oop deur! As so 'n evangelie deur oopgaan is dit in alle geval ook net genade, en dit is nie jy as mens wat dit kon regkry om die deur oop te maak nie, maar God alleen, want in die evangelie het ons heeltyd te doen met “deure in die Here”, nie maar “menslike deure” nie.

Dadelik sou mens wou aanvaar omdat dit in Troas met Paulus nou so goed gaan, dat hy maar vir eers hier moet bly. Dit is mos vir hom aangenaam daar, om te mag sien en te mag weet God maak hier vir my deure oop. Maar nêe daar is weer 'n kruispad in sy lewe!

\*\*\*

Paulus se koms na Troas nog voor hy geweet het van hoe die deure vir hom hier wyd sal oopgaan, het eintlik ook 'n ander doel in sy agterkop gehad. Hy skryf in v.12- *hoewel 'n deur vir my in die Here geopen was, het ek geen rus vir my gees gehad nie, omdat ek my broeder Titus nie aangetref het nie.* Paulus het verwag dat Titus nou-al moet terugkeer het vanaf Korinthe, maar Titus kom nie uit nie, terwyl Titus eintlik maar net een van Paulus se vorige Korinthiër-briewe moes gaan afgee het

\*\*\*

En skielik bring dit 'n nuwe kruispad, die volgende kruispad. Al gaan dit goed in Troas is dit asof hy net besef ek moet maar die oop deur verbygaan, ander moet maar hier aangaan, en hy vertrek onverwyld na Masedonië. Ek moet maar eerder die voorspoed hier laat, ek moet die bediening gaan uitoefen wat heel waarskynlik weer met nuwe seerkry, en met nuwe pyn gepaard gaan, seer wat hy in Troas nie gehad het nie. Hier was almal vir my goed, behalwe die vertraging in Titus se koms wat Paulus dryf om te gaan uitvind, waar is Titus, wat gaan werklik in Korinthe aan, selfs sou hy seker kon

wonder het die gemeente in Korinthe nie dalk vir Titus iets aangedoen nie?! Daardie moeilike Korinthiërs! Dit bring 'n kruispad, en kruispaaie bring noodwendig afskeid, en daarom staan daar in v.13 – *ek het van hulle (Troas se mense) afskeid geneem en na Masedonië vertrek*. Hierdie afskeid gee dan ook aanleiding tot ons tweede gedagte – Ons wat so dikwels met die kruispaaie te doen het- dit mag vir jou ook wees:

**Jy is op 'n alleen-pad-**

Min mense gaan jou verstaan. Hoe kan jy jou rug draai juis op hulle wat vir jou so goed is. Dit lyk of mens bereid is om eerder weer met opset nuwe moeilikheid in te loop. Kruispaaie bring alleen-paaie...weet dit ook maar waar ons vandag Nagmaal kon vier en weer die lewe met sy baie paaie moet aandurf. Hierdie alleenheid word veroorsaak deurdat jy besef ek moet kan weeg tussen dit wat geleentheid is of dit wat prioriteit is.

Die oop deure is wonderlike geleentheid, werklik waar geleentheid wat die Here oopmaak...Maar ongelukkig is dit nie waar dit baie keer kan en mag stop nie. Die feit dat Paulus so geweldig onseker is oor die probleem-gemeente Korinthe, dat hy geen rus in sy gees kan kry nie, dat Titus eenvoudig nou te lank wegbly, dit word prioriteit. Prioriteit wat dan belangriker mag wees as geleentheid. Al is die geleentheid van die Here af, maar besef nou maar al te goed wat is prioriteit. Dit wat vir my goed is, is nie noodwendig altyd prioriteit nie. Moet mens nie dikwels jou eie wil, jou eie voorspoed versaak en werklik begin kyk, nie net na dit wat vir my goed is nie, maar stap weer die seerkry in, solank ek kan uitkom by dit wat ook vir my broer of my suster in die Here, my gesin, of die res van my familie, of dit wat werklik in die kerk, vir God se kinders goed is, ten koste van jou eie voorspoed. Na alles moet dit alleen gaan om dit wat vir God goed is!

\*\*\*

Dit het Paulus gedoen wat hom dikwels op 'n alleen pad geplaas het, maar Paulus het dit alleen kon doen, omdat daar voor hom nog 'n baie groter alleen-pad uitgetrap is. Die pad wat Jesus Christus moes loop. By Christus gebeur dit dan ook andersom as by ons as sy kinders. Ons kruispaaie bring dikwels die alleen-paaie- Christus se alleen-pad het geword die kruispad, waar alle deure, werklik alle deure voor Hom toegegaan het. Selfs God, sy Vader het Hom verlaat. Die kruis en die pad na die kruis, geen groter

alleenheid kon daar wees as dit wat daardie pad alles beteken en ingesluit het nie. U mag dalk voel vanaf hierdie Nagmaal is daar weer my alleen-pad, maar dink anders daaroor- Dit wat jy nou 'n alleen-pad mag noem is dalk veel eerder 'n wenpad, 'n triomftog-

Op hierdie pad verwag Christus van ons om sy reuk, die reuk van sy kennis na ander te versprei. Nou hoe naby moet ek aan iemand kom, hoe naby moet ek aan iemand leef dat daardie een se reuk aan my moet kan sit. Dit gebeur slegs in die grootste innigheid, in dit wat jy werklik met ander deel, in dit wat mense laat saamleef, dit wat my werklik naby iemand anders bring, dit alleen veroorsaak 'n reuk-oordrag. Dit kan alleen in daardie eenheid gebeur wat ons in Esegïël ook na gekyk het. Die twee stukke hout word in die een hand saamgebind (Eseg.37).

Dit is hoe naby God aan jou wil wees, so naby dat Hy jou sy verbond gegee het, om jou werklik naby Hom te trek. Die verbond wat nog altyd die bewys is, en die bewys sal bly van God se liefde wat jou nader aan Hom wil trek. God wat sy kinders werklik al hoe nader aan Hom wil hê, dat selfs ons reuke vir mekaar in Christus nie vreemd sal wees nie, en dat Christus se reuk in ons, Christus in ons werklik geruik kan word. Dit bring ons dan eintlik by die laaste gedagte-

### **Die wenpad lans hierdie triomftog.**

- *Maar God sy dank wat ons altyd laat triomfeer in Christus en wat die reuk van sy kennis deur ons orals versprei...* Wat bring hierdie skielike verandering? Vers 14 ná baie alleenpaaie staan vol vreugde geskrywe- Dit wat wonderlik is, het bymekaar gekom. Drie dinge word ineen opgeklar. Hy ontmoet Titus, watter vreugde, hy hoor dat die Korinthiërs hom vergewe het. Deur sy vorige brief aan hulle was hy bang dat die brief kon maak dat hulle nog meer van hom vervreem staan, maar intendeel, Titus bring goeie nuus. Paulus kan sy kop optel, sy oë na die hemel rig en begin in lof God se grootheid te besing, die God wat my *laat triomfeer...*

Hierdie wen-gedagte wat my op 'n triomftog plaas is eintlik 'n beeld wat uit die weermag kom. In daardie tye wanneer 'n leërmag uitgetrek het om oorlog te gaan maak, en hulle veldslag was suksesvol dan het die teruggekeerdes na die oorlog altyd 'n aangrypende

ontvangs gehad. Onthou sulke oorloë in sy wreedheid en felheid bevat in sy terugkoms twee soorte mense. Daar is die weermag self wat gewen het, hulle generaals en almal wat hierdie oorlog geveg en gewen het kan bly wees. En nou was hulle ontvangs ook so gereël dat soos wat hulle al nader na hul tuisstad terugbeweeg word daar baie wierook aangesteek. Die reuk van die wierook hang swaar in die lug, en daarmee saam word daar op die pad waarlangs die soldate en hulle perde beweeg allerhande takke en blare uitgeplaas; dit is tog 'n oorwinningstog en die harde perdepote en die baie voetsoldate trap die blare stukkend. Ons weet hoe baie plante daar is wat as jy sy blare tussen jou vingers stukkend vryf, die skerp geur wat daardeur afgeskei word. Saam met die wierook word die blare geur een geweldige lading van geure.

\*\*\*

Maar broeder en suster, moenie vergeet, hierdie optog het ook daardie mense ingesluit wie dit nie so aangenaam is om na die stad te kom nie. Hulle is die gevangenis, hulle wat in die oorlog gewen is, hulle word saam meegevoer. Hulle is dan letterlik met kettings en boeie vasgebind aan daardie mense wat die oorwinning wil vier.

Vir die een klomp is die swaar lading van geure werklik 'n heerlike reuk, die reuk van oorwinning, ja die reuk van lewe, maar vir daardie wat met ketting-stryd en angskreeu die stad ingesleep kom, is dieselfde reuk wat hulle nou moet inasem, waarlik waar die reuk van die dood. Hulle wat besef wat nou met ons gaan gebeur.

'n Gevangene wat geboeid, swaar gebind, uitasem sy laaste stukkies lewens tog op aarde aflê, wat daar in die stad, in die destydse amfiteaters, tot groot vermaak verder gaan ly en algaande vir die leus gevoer gaan word. Hierdie gebeure uit die werklikheid gee vir Paulus die hemelse betekenis van wat met ons gebeur. Jy as kind van die Here word baie keer in jou lewe gebrand. As daar nie vlamme op wierook kom nie, dan kan dit geen reuk afskei nie, of anders gesien, jy is daardie parfuim-blaartjie waarop 'n perdepoot moet trap sodat daar seer in jou lewe kom, maar dis al hoe daar ook 'n geur sal kom. Ek besef die pyn van om parfuim te wees, maar dadelik besef ek hiermee saam dit is hoe God my bruikbaar wil maak. Dieselfde God wat deure kan oopmaak wil vir Paulus en vir u en my laat verstaan, watter besondere posisie, watter genade voorreg om aan Christus

gebind te wees. Om dan in hierdie sin 'n gevangene van Christus te wees- *Maar God sy dank wat ons altyd laat triomfeer in Christus...*en dan kan die skakerings van geure hieruit voortspruit. Die oorwinning is klaar behaal. Dit is in Christu 'n geval van dit moet nou nog net geruik kan word. Ons dra die reuk van die kennis van Christus wat deur ons oral versprei moet word. Ons lyk dalk nie na die oorwinnaars nie, maar in Christus is ons die oorwinnaars. Meer as oorwinnaars.

Die God wat die oorwinning klaar behaal het, dit kan eenvoudig geruik word, soos op die terugpad na 'n geslaagde slagveld, maar onthou dit wat as aangename geur, as geur van die lewe in Christus bestaan, daar is diegene wat heeltemal anders hieraan ruik- hulle sal dit ook so ervaar. Dieselfde aangename geur wat vir ons die lewe beteken, beteken vir hulle die dood. Hulle lewens ruik al daarna- van die dood tot die dood, dit wys al daarna- dit stuur af daar op.

EN daarom rus daar op jou en my die groot opdrag na hierdie Nagmaal- dit wat ek ander laat ruik. Vers 16 sluit af met die vraag- *En wie is tot hierdie dinge bekwaam?* Bedoelende dat die geur wat ons moet versprei nie ons eie moet wees nie, maar dit wat Christus vir ons gedoen het. Christus wil na hierdie Nagmaal deur my en jou werk, Christus wil sy oorwinnaars geur deur jou versprei, die geur van sy kennis wat jy oral moet versprei.

By ons moet dit ook só wees- Nie uit onself het ons vandag Nagmaal gevier nie- ons formulier het al vanoggend by die eerste lig gesê dat ons bekwaamheid is uit God. God maak bekwaam. Gaan en leef dit dan verder uit as iemand aan Christus vasgebind, aan Hom gehoorsaam, al sou dit dalk beteken dat jy gekneus moet word. En juis in hierdie kneusing wees bewus van God wat jou met Hom wil saamneem, dat jy sy geur, daardie oorwinnaars geur in Christus met jou moet saamdra, dat ander dit ook moet kan ruik. Vir baie 'n aangename geur, 'n lewens geur, die geur van oorwinning, hoe wonderlik om dit vir God te dra, tot sy eer. Maar die ander geur hang net so sterk, dat ander wat hulle nie aan hierdie Christus wil bind nie, dat deur dit wat Christus in en deur jou doen, hulle, hul eie ondergang sal ruik, waar die dood op grond van dieselfde geure geruik kan word.

Die vraag na ons Nagmaal vandag- hoe ruik hierdie gemeente, watter geur dra ons uit, daar waar ek werk en beweeg, watter geur dra ek saam, want u weet, dit gaan oor lewe of dood. Ons wat vanuit ons kruispaaie, alleen paaie, maar tog op die wenpad, saam aan die Here se tafel kon wees om ons eenheid en ons lewe te vier. Maar op grond van dieselfde viering wat ruik na die lewe, moet hulle wat nie die lewe hier ruik nie besef, die doods reuk wat hulle moontlik met die Nagmaal reuk identifiseer, beteken inderdaad vir hulle die dood!

AMEN